

DIE DRANKWET, WET 27 VAN 1989

1. **GEEN PERSOON WAT NIE 'N INGESKREWE OPBETAALDE LID VAN HIERDIE KLUB IS, MAG GEBRUIK MAAK VAN DIE FASILITEITE NIE.**
Artikel 26(c) "slegs ingeskrewe lede van die Klub mag gebruik maak van die fasiliteite van die Klub".
2. **ELKE INGESKREWE OPBETAALDE LID ONDERNEEM OM HOM / HAAR ORDELIK TE GEDRA.**
Artikel 154 (1) Enigiemand wat-
(b) dronk, gewelddadig of wanordelik is op enige perseel, hetsy gelisensieer al dan nie, waarop drank uit hoofde van hierdie Wet verkoop mag word;
is aan 'n misdryf skuldig.
3. **INGESKREWE OPBETAALDE LEDE MOET MET AANKOMS DIE REGISTER TEKEN EN SY / HAAR GASTE INTEKEN.**
Artikel 66 "Die houer van 'n Klubdranklisensie verkoop of verskaf nie drank aan 'n lid van die klub vir gebruik deur daardie lid se gas nie tensy daardie lid sy of haar naam en die naam en adres van daardie gas duidelik en onuitwisbaar ingeskryf het in die toepaslike register".
Artikel 47 (1) Die houer van 'n lisensie moet die voorgeskrewe aantekeninge op die voorgeskrewe wyse hou.
4. **'N LID WAT BEWEER HY / SY IS LID EN NIE 'N LIDMAATSKAP KAART KAN TOON NIE, MAG NIE GEBRUIK MAAK VAN DIE FASILITEITE NIE EN SAL VERSOEK WORD OM DIE PERSEEL TE VERLAAT.**
Artikel 66 "Die houer van 'n Klubdranklisensie verkoop of verskaf nie drank aan 'n lid van die klub vir gebruik deur daardie lid se gas nie tensy daardie lid sy of haar naam en die naam en adres van daardie gas duidelik en onuitwisbaar ingeskryf het in die toepaslike register".
Artikel 46 Die houer van 'n lisensie of sy of haar verteenwoordiger of werknemer kan-
(a) weier om aan enigiemand toegang tot die gelisensieerde perseel of enige deel daarvan te verleen;
(e) enigiemand wat in enige deel van die gelisensieerde perseel is, versoek om daardie deel te verlaat;
5. **HIERDIE PERSEEL IS GELISENSIEERD VIR BINNEVERBRUIK - GEEN DRANK MAG VANAF / VANUIT DIE PERSEEL VERWYDER WORD NIE - MET ANDER WOORDE, GEEN DRANK UIT BY 'N BUITEDEUR.**
Artikel 52 (1) Behoudens subartikel (2) moet die houer van elke binneverbruik lisensie toesien dat drank wat daarkragtens verkoop word slegs op die gelisensieerde perseel verbruik word.
6. **DIE PERSEEL IS DIE VIER HOEKE VAN DIE KROEG EN DIE VIER HOEKE VAN DIE SAAL.**
Artikel 52 (1) Behoudens subartikel (2) moet die houer van elke binneverbruik lisensie toesien dat drank wat daarkragtens verkoop word slegs op die gelisensieerde perseel verbruik word.
7. **AANGESIEN DIE PERSEEL BESKIK OOR 'N DRANKLISENSIE MAG GEEN DRANK VANAF BUITE OP DIE PERSEEL GEBRING WORD NIE.**
Artikel 154 Enigiemand wat-
(f) enige drank inbring, besit of verbruik op 'n sportterrein, of enige deel daarvan, waartoe die publiek toegang het of verleen word (ongeach of toegang teen betaling verleen word of beperk is tot enige kategorie persone al dan nie);
is skuldig aan 'n misdryf.
8. **GEEN MINDERJARIGES SAL DEUR 'N INGESKREWE OPBETAALDE LID OF SY / HAAR GAS ONTHAAL WORD IN DIE KROEG VAN DIE KLUB NIE.**
Artikel 2 (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-
(iv) "beperkte deel" 'n kroeg op enige gelisensieerde perseel ten opsigte waarvan 'n binneverbruik lisensie uitgereik is, waarin drank oor 'n toonbank bedien word en wat nie 'n integrerende deel uitmaak van 'n vertrek waar gewone maaltye deurlopend op 'n daaglikse grondslag genuttig word nie, en ook enige ander deel van sodanige gelisensieerde perseel wat as sodanig behandel moet word ingevolge enige voorwaarde wat kragtens hierdie Wet deur die bevoegde gesag in 'n besondere geval opgelê is;
Artikel 45 Die houer van 'n lisensie mag nie-
(a) drank op 'n gelisensieerde perseel verkoop of verskaf aan enigiemand wat onder die ouderdom van 18 jaar is nie;
9. **GEEN DRANK SAL VERSKAF WORD AAN 'N PERSOON WAT REEDS ONDER DIE INVLOED VAN ENIGE AFHANKLIKHEIDSVORMENDE MIDDEL IS, OF BLYK TE WEES NIE.**
Artikel 16 Die houer van 'n binneverbruik lisensie wat-
(b) drank verkoop of verskaf aan iemand wat in 'n beskonke toestand is;
is skuldig aan 'n misdryf.
10. **DIE "REG VAN TOEGANG" REËL GELD IN HIERDIE KLUB, DERHALWE HET DIE BESTUUR OF 'N VERTEENWOORDIGER VAN DIE BESTUUR DIE REG OM ENIGE INGESKREWE OPBETAALDE LID OF SY / HAAR GASTE TE VERSOEK - INDIEN NODIG, OM DIE PERSEEL TE VERLAAT.**
Artikel 46 Die houer van 'n lisensie of sy of haar verteenwoordiger of werknemer kan-
(a) weier om aan enigiemand toegang tot die gelisensieerde perseel of enige deel daarvan te verleen;
11. **INGESKREWE OPBETAALDE LEDE SE LIDMAATSKAP KAART - WAT UITGEREIK IS DEUR DIE BESTUUR VAN HIERDIE KLUB, MOET GETOON WORD MET AANKOMS.**
12. **'N INGESKREWE OPBETAALDE LID WAT GASTE ONTHAAL IS VERANTWOORDELIK VIR HULLE DISSIPLINE.**
13. **DIE BESTUUR VAN HIERDIE KLUB BEHOU DIE REG VOOR OM LIDMAATSKAP TOT DIE KLUB TOE TE STAAN, AF TE KEUR OF OP TE SKORT.**

**AANSOEK VORM
LIDMAATSKAP TOT LOSKOP RUGBYKLUB**

1. Hiermee wens ek,

Van	
Volle name	
Identiteit nommer	
Sel Telefoon nommer	
Werk adres	
Werk telefoon nommer	
Faks nommer	
E-pos adres	

aansoek te doen om lidmaatskap van Loskop Rugbyklub.

- 2. As ingeskrewe opbetaalde lid van Loskop Rugbyklub onderneem ek:**
 - 2.1 om die reëls van die Klub ten alle tye na te kom en te gehoorsaam;**
 - 2.2 om myself ten alle tye ordelik te gedra;**
 - 2.3 om my LIDMAATSKAP KAART - wat uitgereik is deur die bestuur van hierdie klub, te toon met aankoms;**
 - 2.4 om met aankoms in die Klub die register teken en my gaste inteken;**
 - 2.5 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid nie meer as vier gaste inteken en onthaal nie;**
 - 2.6 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid wat gaste onthaal, verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle dissipline;**
 - 2.7 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid op geen stadium minderjariges te onthaal of van drank te voorsien nie;**
 - 2.8 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid geen drank vanaf of vanuit die perseel te verwyder nie;**
 - 2.9 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid geen drank vanaf buite op die perseel sal bring nie; en**
 - 2.10 om as 'n ingeskrewe opbetaalde lid die jaarlikse algemene vergadering of indien nodig enige buitengewone algemene vergadering by te woon.**
- 3. As ingeskrewe opbetaalde lid neem ek kennis dat die perseel die vier hoeke van die kroeg en die vier hoeke van die saal is.**
- 4. As ingeskrewe opbetaalde lid sal ek toesien dat geen drank verskaf sal word aan 'n persoon wat reeds onder die invloed van enige afhanklikheidsvormende middel is, of blyk te wees nie.**
- 5. As ingeskrewe opbetaalde lid neem ek kennis dat die bestuur van hierdie klub die reg voorbehou om lidmaatskap tot die klub toe te staan, af te keur of op te skort.**
- 6. As ingeskrewe opbetaalde lid neem ek kennis dat die "reg van toegang" reël in hierdie Klub geld, derhalwe het die bestuur of 'n verteenwoordiger van die bestuur die reg om enige ingeskrewe opbetaalde lid of sy / haar gaste te versoek - indien nodig, om die perseel te verlaat.**
- 7. As ingeskrewe opbetaalde lid sal ek ten alle tye die beeld van die Klub uitdra.**
- 8. Ek neem kennis van bogenoemde reëls en onderneem om daarby te hou.**
- 9. Ek as eerste aansoeker aanvaar dat hierdie aansoek onderhewig is aan die goedkeuring van die besluitnemingspaneel.**
- 10. Ek as bestaande lid van die Klub aanvaar dat hierdie aansoek onderhewig is aan die goedkeuring van die besluitnemingspaneel.**

Handtekening

Datum

9. AMPTELIKE GEBRUIK.

9.1	Aansoek ontvang op			
9.2	Bestaande lid		Nuwe lid	
9.3	Kwitansie Nommer			
9.4	Goedgekeur		Afgekeur	
9.5	Indien Afgekeur Die Rede			
9.6	Register- / Lidmaatskap Nommer			

10. BESLUITNEMINGSPANEEL

10.1	Hoedanigheid	Van	Voorletters	Handtekening
10.1.1				
10.1.2				
10.1.3				
10.1.4				
10.1.5				